VERITAS

BYBEL
INTERPRETASIE
KURSUS

VERITAS COLLEGE

WIE EN WAT IS VERITAS COLLEGE INTERNASIONAAL

Veritas College Internasionaal is ’n spesialis opleidingsorganisasie wat vanaf 1992 gelowiges vir bediening in 42 verskillende lande oplei.

Veritas is verbind tot leierskapontwikkeling van Christen-leiers en bied kennis en vaardighede om die Bybel reg te interpreteer, toe te pas en die boodskap effektief oor te dra.

VERITAS COLLEGE INTERNATIONAL

41 lande | 1 288 klasse | 15 000 deelnemers

VERITAS & KSM

WIE EN WAT IS VERITAS COLLEGE & KSM HUB?

Dié hub is ’n handevatprojek tussen Veritas College en KSM om gelowiges toe te rus deur ’n beter verstaan van die Bybel te bied, deur bepaalde vaardighede waarmee die Bybel gelees, geïnterpreteer en die boodskap aan ander oorgedra word.

VERITAS INHOUD

GAAN JY NET LEER OM DIE BYBEL REG TE INTERPRETEER?

Beslis nie! Jy gaan ook in die Veritas Module 1 Deelnemer-kursus, terwyl jy deur Paulus se briewe reis, leer hoe die Bybel tot stand gekom het, hoe om die taal van die Bybel beter te verstaan, watter rol konteks speel in Bybelinterpretasie, hoe om ’n Bybelstudie-groep te lei en hoe om ’n preek of ’n boodskap voor te berei.

VERITAS PAADJIE

WAAR BEGIN JY? HOE LYK DIE VERITAS-PAD VORENTOE?

Jy begin by Veritas Module 1 Deelnemer-kursus. Nadat jy die Module 1 Deelnemer-kursus voltooi en jou sertifikaat ontvang het, kan jy die volgende jaar inskryf vir die Module 2 Deelnemer-kursus. Indien jy geroep voel om self die Module 1 Deelnemer-kursus aan te bied as fasiliteerder vir ander mense, kan jy die Module 1 Fasiliteerder-kursus ook voltooi.

VERITAS MODULE 1

INHOUD VAN MODULE 1

Die Veritas-kursus help jou om die Bybel reg te lees en beter te verstaan. Só lyk Module 1:

- Hoe en waar het die Bybel tot stand gekom?
- Hoe kommunikeer God vandag deur sy Woord?
- Hoe om eksegese te doen.
- Hoe om taal te verstaan en hoe vertalings ons help.
- Hoe om Bybelse teologie en hermeneutiek te beoefen.
- Hoe om ’n Bybelstudiegroep te lei en hoe om te preek.

VERITAS AFSKOP

WANNEER BEGIN DIE VOLGENDE VERITAS KURSUS?

Die eerste klasse begin op 14 Februarie 2019, en vind op ’n Maandag en/of Woensdag plaas by Hippolaan en/of Midstream, van 18:30 tot 20:00. (Die dae en venues word nader aan die tyd bevestig na aanleiding van die behoefte.)

Daar is ook ‘n klas elke 2de Donderdagoggend van 08:30 tot 10:00, wat maandeliks om die beurt by Hippolaan en Midstream aangebied word.

Daar sal nie tydens skoolvakansies en openbare vakansiedae klas wees nie.

VERITAS TYDSDUUR

HOE LANK DUUR DIE KURSUS?

Die kursus duur ongeveer 17 weke.

Elke weeklikse klas duur ongeveer 1 uur 30 minute.

VERITAS KURSUSFOOI

KOSTE VAN DIE KURSUS? HOE REGISTREER EK?

Die kursus kos R450 per persoon of R700 vir 2 gesinslede.

Die registrasievorm om in te skryf kan verkry word by Belinda Nel, wat dan voltooi en teruggestuur word aan haar by groei@ksm.co.za.

Registrasies en betalings sluit 11 Februarie 2019.

BETALING VAN KURSUS

HOE BETAAL EK?

Die kursusfooi word in die onderstaande rekening inbetaal en die bewys van betaling word gestuur aan groei@ksm.co.za:

Rekeninghouer:	kerksondermure
Bank:	Absa
Takkode:	632005
Rekeningnommer:	289 058 0095
Verwysing:	Veritas & jou van

OP JOU MERKE ...

EN AS DIE PAPIERWERK AFGEHANDEL IS?

Skud dan jou vere reg, bring jou Bybel, ’n skryfding en kleurpotlode/Bybelmerkers/kleurpenne saam en sluit by ons aan in Februarie 2019.

Jy sal hierna nooit weer jou Bybel soos voorheen lees nie!



’n Heerlike avontuur en ’n geseënde geloofsreis word jou toegebid!

KERKSONDERMURE
CHURCHWITHOUTWALLS